DWELM- EN ALKOHOLBELEID EN PROSEDURE

Definisies

- Dwelms**:** ón Dwelm word gedefinieer as enige middel wat die normale funksionering van die liggaam en/of verstand beïnvloed.
  - Geredelik beskikbare dwelms sluit die volgende in:
    - voorgeskrewe en oor-die-toonbank medisynes
    - tabak en alkohol
    - oplosmiddels, petrol, gom, chemiese middels, ens.
    - onwettige dwelms soos dagga, LSD, heroïne, kokaïne, ecstacy, ens.
  - Handel dryf : Verkoop, uitruil, voorsien, versprei, ens.
  - Eksperimenteer: Eerste gebruik
  - Gebruik: Voortgesette en/of onderbroke misbruik
  - Verslawing: Voortgesette misbruik ten spyte van nadelige gevolge ï ón kroniese en progressiewe siekte

Algemene standpunt van SRA

Misbruik van gewoontevormende middels is ón ernstige probleem wat indruis teen die beleid en waardes van SRA. Deur die instelling van ón amptelike beleid, poog ons (studente, ouers, personeel en vennote) om die boodskap uit te dra dat die ongemagtigde gebruik van dwelms en alkohol onaanvaarbaar is.

Ondertekening van alle beleide (Registrasievorm) is ón voorvereiste vir toelating tot SRA.

Doelstelling

Die doelwit van die dwelmbeleid is om sekuriteit en rigting te gee aan studente, personeel en ouers deur riglyne in plek te stel vir die voorkoming van misbruik en die begeleiding en verdere optrede na identifisering van gevalle. Die beleid is tot voordeel van die studentekorps en poog in alle gevalle om ondersteunende en herstellende optrede eerder as straf aan te moedig. In die geval van misbruik, word studente aangemoedig om van beskikbare hulpbronne gebruik te maak deur self aan te meld met probleme.

Beleid

SRA verbied die volgende:

- die besit of gebruik van onwettige middels
- die misbruik van voorgeskrewe of nie-voorgeskrewe medisyne
- die misbruik van oplosmiddels, inhaleermiddels en/of ander chemiese middels
- die besit of misbruik van alkoholiese drank
- die besit of die rook van sigarette (behalwe waar ouers skriftelike toestemming verskaf, op area soos SRA voorskryf) en ander dwelms
- die besit van dwelmverwante apparate soos pype, sigaretpapiertjies, ens.
- die handeldryf in gewoontevormende middels

Hierdie beleid is van toepassing :

- op kampus
- tydens SRA funksies, -uitstappies of enige ander SRA aktiwiteit

- wanneer lede van die studente SRA verteenwoordig
- wanneer lede van die studente as sulks geïdentifiseer kan word
- wanneer die effek van gebruik of misbruik opmerklik is in bogenoemde gevalle

Verbreking van bogenoemde vereistes kan lei tot een of meer van die volgende:
- die opstel van ón kontrak tussen alle betrokke partye
- geskikte dissiplinêre en/of rehabiliterende aksie
- skorsing van die student, tot ón maksimum van 5 dae
- uitsetting van die student

Aksie en Riglyne

Elke geval sal individueel en op professionele wyse hanteer word binne die gegewe beleid en riglyne.

Riglyne:
- vertroulikheid sal gehandhaaf word, maar ouer/voog sal ingelig word en betrokke wees
- geïsoleerde simptome en ongegronde gerugte van misbruik sal nie as bewyse van misbruik dien nie, maar ón patroon van relevante simptome (akademiese / rugby verswakking, onttrekking aan SRA aktiwiteite, verandering in voorkoms, gedrag en houding, ens.) sal wel ondersoek word (om vroeë identifikasie moontlik te maak)
- betrokke personeel met die nodige opleiding sal beskikbaar wees vir rapportering en ondersoek en buite-instansies en/of persone sal betrek word indien nodig
- indien ón student en/of sy besittings deursoek moet word deur personeel, sal dit in die teenwoordigheid van die student, ón persoon van sy keuse en ón tweede volwassene gedoen word (in privaatheid)

Vrywillige aanmelding:
- alles moontlik sal gedoen word om die student te ondersteun en te help
- die ouers sal in kennis gestel word, met die student se toestemming
- die nodige verwysings na buite-instansies/persone sal gedoen word
- ón ooreenkoms sal met die student aangegaan word

Oortredings:

1. Eerste oortreding:

    - ouers word in kennis gestel
    - verhoor deur die hoof
    - verpligte berading binne of buite SRA
    - ón ooreenkoms met die student en ouer/voog
    - afhangende van die omstandighede, laaste waarskuwing, skorsing en/of uitsetting

2. Tweede oortreding :

    - verhoor deur die hoof
    - skorsing

Die ouer/voog sal verantwoordelik wees vir die betaling van enige koste aangegaan tydens ón dwelmverwante voorval (assessering, toetsing, behandeling, terapie, buite-programme, mediese onkoste, ens.).

ón Ooreenkoms tussen alle betrokke partye sal die volgende kan insluit:

- behandelingsprogram soos ooreengekom
- urinetoetse (wat ook deel van die behandelingsprogram kan wees)
- van die student sal verwag word om sy gedrag, ens. te verbeter
- ouer/voog onderneem om buite-instansies en/of persone opdrag te gee om ón aangeduide persoon van SRA van verslae te voorsien indien nodig

Indien die ouer/voog en/of student besluit om die behandeling vroegtydig te staak, verval die ooreenkoms en sou dit daartoe kon lei dat die student geskors/uitgesit word.

Voorkoming

SRA onderneem om:

- inligtingsessies ter voorkoming aan studente, personeel en ouers beskikbaar te maak
- personeel die nodige opleiding te laat ondergaan
- buite-instansies en persone te betrek by die aksie
- die beleid gereeld te evalueer en te hersien indien nodig

Ten slotte

Hierdie beleid is ón ernstige poging om probleme te identifiseer en ondersteuning aan studente te bied wat verslaaf is (of die gevaar loop om verslaaf te raak) sonder om hulle loopbaan noodwendig in gedrag te bring.

Geteken te **……** op **……**20**……..**

……
Ouer/Voog se naam en van

……
Ouer/Voog se handtekening

……
Student se naam en van

……
Student se handtekening